



e-mail: magrietjie@up.ac.za
Web: www.up.ac.za/magrietjie

November 2011
Volume 9



Die volgende *GrietGriet* sal beskikbaar wees in April 2012. *GrietGriet* is ook in Engels beskikbaar - kontak ons gerus indien ons jou kopie in Engels moet stuur.



Prof. Lourie, Mev. Ronél met dogter Natalie en onder Lourens. Foto geneem tydens 'n amptelike koshuis fotoneem geleentheid.

MAGRIETJIE SE 2^{DE} HUISOUERPAAR

Lourie, Ronél en hul dogter Natalie Terblanche het op 1 Julie 1988 hul intrek geneem by Magrietjie as huisouers. Hulle was die eerste huisouers wat volgens 'n nuwe model aangestel is. Tot op daardie stadium was die dame as 'huismoeder' aangestel op 'n permanent-voltydse basis as personeellid van die UP. Die nuwe model het geïmpliseer dat die man in die gesin as koshuishoof aangestel is - tydelik-deeltyds - addisioneel tot 'n voltydse pos wat die persoon reeds by die UP bekleë het. Lourie was op daardie stadium 'n senior lektor in die Departement Maatskaplike Werk by UP.

Die egpaar het Magrietjie verlaat met die voltooiing van hul tweede drie-jaar termyn op 30 April 1994. Prof. Lourie Terblanche is steeds werksaam by die Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie. Die Magrietjies het aangedring daarop om vir Ronél as 'Mevrou' aan te spreek, want so is besluit 'doen Magrietjies dit in styl'.



Prof. Lourie en die 1990 HK groep

Natalie, nou Dr. Natalie Paul, het matrikuleer aan Pro Arte Alphen Park en daarna by Tuks studeer. Sy werk tans as mediese dokter by 1 Militêre Hospitaal. Sy is reeds twee jaar getroud met Riaan Paul, ook 'n oud-tukkie en tans 'n GR by Ernst & Young.

Lourens, die egpaar se seun, is 'n vierdejaar mediese student. Hy het tot onlangs in die UP Simfonie-orkes gespeel. Hy speel ook Sondag-aande viool tydens die NG Universiteitsoorddienste. Hy woon naby die mediese kampus en was vanjaar verantwoordelik vir die Talentaand van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Hul herroep die volgende 'insidente' en hoogtepunte oor die verloop van ses jaar:

- Helena Strijdom (Primaria) - vandag 'n hoogs suksesvolle prokureur in die stad - wat die swembadprojek onderneem het. Nodeloos om te sê - die swembad was ook die slagoffer van die Mopanie-manne wie dit goed gevind het om die water pers te kleur. Die skoonmaakproses was minder vrolik - maar as 'n spanpoging deur die Mopanie-manne aangepak.
- Poenie Leen (Primaria), ook 'n hoogs suksesvolle prokureur in Windhoek en verantwoordelik vir die waterval in die voorportaal (lank reeds nie meer daar nie!). Die waterval was gekenmerk deur lewende eende, waspoeier skuim, paddas, visse - alles glad nie deel van die aanvanklike beplanning nie.
- Karen de Lange (Primaria). Sy het vir haar mondigwording van haar woonstel-maats 'n stel UP-eetgerei (6 elk koppies, pierings, kleinbordjies) ontvang. Dit moes 'n besonderse lang proses gewees het om al die eetgerei uit die eetsaal te smokkel!
- Gerdien Kuypers (Matrone), vurige Hollander vir wie se hande niks verkeerd gestaan het nie. Die vurigheid het menige 'insidente' tot gevolg gehad waar Lourie as bemiddelaar moes optree tussen haar en die studente.

Ons het nuus vanaf hierdie spesiale gesin, wat so 'n groot vormingsrol in ons pienk huis se geskiedenis gespeel het, terdeë geniet. Ons weet hulle sal altyd 'n besonderse plek in die Magrietjies se harte vul. Ons sou graag meer van hul staaltjies en stories wou deel!



'n Meer onlangse foto van die Terblanche familie geneem op Natalie se huweliksdag.



SERRIE FINAAL!

“ ‘Coz I want to be a cowboy baby”, wel ek’s seker julle kan almal raai wat hierdie jaar se serrie tema was. Ja, Magrietjie het wilde weste gegaan en was, natuurlik, “cow girls”. Van die hoede tot die stewels en vir die kersie op die koek, “sheriff” sterre. Die meisies was geklee vir die geleentheid wat gelei het na ‘n ongelooflike vertoning, van op tafels dans tot “Chuck Norris” wat in ons serrie ingesluit was, wat definitief ‘n verbasende reaksie veroorsaak het. En laaste, maar nie die minste nie, die kroeg-toneel wat fenominaal was. Die optrede was so besonders dat dit ons as wenner in die uitdun rondte geplaas het en ‘n derde plek in die finale. Ons is steeds trots op hierdie groep meisies wie almal hul studie- en sosiale tyd opgeoffer het vir serrie.



Serrie 2011



INFORMAL “1950 CHICAGO STREETS”

Dink “Sophiatown” en “Al Pacino” en wat kry jy- hierdie jaar se oorspronklike “Informal” wat nie die gewone eetsaal aangeleentheid was nie, maar was duidelik in ‘n ander klas. Die geleentheid was gehou in Magrietjie se eie parkeerterrein, met 1950 Vallas om die tema te komplimenteer. Almal het die rol goed uitgebeeld en het hulle kreatiwiteit ten toon gestel. Die kos, dekor en weer het bygedra tot die uitsonderlike aand en wat is ‘n “Informal” sonder dat die meisies die “Narcotic” sing en die aand weg dans?!



KULTUUR

Ons jaarlikse kultuurweek het afgeskop met die passievolle meisies wat deelgeneem het aan die “pub golf”. Woensdagaand was die vloer pons waarna almal met hoë verwagting uitgesien het - die tema “pop culture, my favourite music video”. Die meisies het ons op ‘n reis gevat van riller tot “Bollywood” en dit geëindig met die “party rock anthem planet” met pret as enigste vereiste vir toegang. Daar kan natuurlik net een wenner wees, en dit het gegaan aan vloer 7 met hul tema *Survivor*. Donderdagaand was dit Mnr. Magrietjie met die tema “Avant Garde”. Daar was niks alledaags aan hierdie manne nie, hulle almal was besonders aantreklik. Ons kon spog met onder andere beoordelaars Derek Kuun en Dewald Potgieter, twee Blou Bulle. Die seremoniemeester vir die aand was die alombekende sanger Pieter Koen.



Seremoniemeester, Pieter Koen
en Mignon Tempel, ons Kultuur
Intern HK van 2010/2011



Mnr. Magrietjie 2011

Mnr. Magrietjie het alle verwagtinge oortref en William het met die kroon weggestap. Kultuurweek het geëindig met ‘n “partytjiebus” na Patria, ‘n manskoshuis in Potchefstroom. Al die opwindende gebeurtenisse het gelei tot ‘n baie suksesvolle week!

MISS GRIETJIE PIGGY

Een van Magrietjie se bekendste tradisies, “Miss Grietjie Piggy”, was weereens ‘n sukses hierdie jaar. Al die spikkels moes ‘n spaarvarkie maak, versier en vul met munte as fondsinsameling vir JOOL. Die spikkels en hul spaarvarkies was opgetooi vir die geleentheid en almal het die aand ten volle geniet.



Spikkels en hul Grietjie Piggys

Het jy geweet?

Magrietjie was die eerste dameskoshuis waar mans toegelaat was in die dames se kamers... Wys net hoe betroubaar ons is! ☺



Donnalee Roberts
gudurende haar
studentejare in Magrietjie
en as Joolkonining van
2006.



Zana Taljaard, Donnalee
Roberts en Amorie
Taljaard.



Helené (van Hair Lounge) in
aksie met die kapsel van
een van die moeders.

MAMMAS KOM KUIER!

Wat is die lewe sonder 'n moeder? Betekenisloos!!! Ons moeders is ons algemene praktisyn, sielkundige/berader, beste vriendin, rigtingwyser en sommer net "altyd beskikbaar" vir ons. Hulle help ons op wanneer die lewe ons platgeslaan het, bemoedig ons wanneer ons verkeerde besluite geneem het en help so saggies, subtiel reg.

Om hulde te bring aan al die Magrietjies se moeders het ons op 15 Mei 'n "Moeder-en-Magrietjie-dag" aangebied. Vir een aand kon die moeders deel word van die "Magrietjie-ervaring" met 'n oorslaap en ons het hulle die volgende oggend bederf met 'n watertand ontbyt in die eetsaal. En het die moeders nie hêrlik saamgekuier nie!!



Die deelnemers van ons Ma en dogter dag

Ons was
gelukkig om

onder ons gaste twee haarkapsters te kon hê en een gelukkige moeder het 'n gratis sny en blaas ontvang. Daar was ook geskenkbewyse en haarsorg-monsters vir almal teenwoordig. Verder was ons bederf met die teenwoordigheid van oud Magrietjies naamlik Donnalee Roberts en die tweeling Amorie en Zana Taljaard.

Donnalee Roberts het in 2006 haar BA Dramagraad aan die Universiteit van Pretoria voltooi. Sy is veral bekend vir haar rol as die lewenslustige kelnerin Annelie in 7de Laan. Sy was in 2006 Joolkoningin en later in dieselfde jaar was sy gekroon as Mej Kampus Suid-Afrika. Sy verteenwoordig die Universiteit van Pretoria by die Mej Wêreld Kampus kompetisie in Suid-Korea waar sy gekroon word as die Welwillendheids-Ambassadeur. Met haar sprankelende persoonlikheid was sy 'n inspirasie vir al die moeders en dogters.

Beide Zana en Amorie Taljaard verwerf grade in Verbruikerswetenskap en Kledingbestuur aan die Universiteit van Pretoria. Hulle bedryf al drie jaar lank 'n baie suksesvolle besigheid nl. Amiz Twin Styling en spesialiseer in grimering en stillering. Hulle was albei al stilliste vir Jenni Button. Gedurende hulle verblyf in Magrietjie ontvang hulle albei die toekenning vir bes geklede Magrietjie - hoe dan anders? Hulle het ons bederf met wenke oor "sakpas" kleding, die moets en moenies vir stylvolle kleding asook oor grimering vir elke geleentheid. 'n Verdere bederf was 'n gratis grimeersessie vir een van die Magrietjies!!

Die hele dag was een groot bederf vir al die moeders en dogters. Belaai met hope pryse soos pêrels, geskenkbewyse en lekker pragtige fyn "dingetjies vir dames". Terugskouend was dit 'n groot sukses en 'n onvergeetlike ervaring vir moeders en Magrietjies!!

Portia Mmenu, a huidige
Magrietjie, kry 'n "make-over"
van Zana Taljaard



SERENADE

Die Magrietjie dames het weereens 'n briljante vertoning vir serenade gelewer. Die lewendige groep "hippies" was vermaaklik en kleurvol. Al die lang ure van oefening het 'n paar vriendskapsbande tot gevolg gehad en dra by tot die pienk liefde van ons spesiale huis. Nog 'n serenade uit die boonste rakke! Wel gedaan dames!!



POT EN PONS

Magrietjie is gelukkig genoeg om saam met Taaibos te jool in 2012, en ons hoor dat die Taaibosmanne self heel in hul skik is daarmee! Saam het ons 'n onvergeetlike Pot & Pons gereël met 'n "Indian festival" tema. Dit was 'n kaleidoskoop van helder kleure en geurige potjiekos. Van henna tatoes tot samoesas en poeierverfgevegte - alles Indies was daar te vinde. Saam het ons 'n derde plek behaal en ons is baie trots op die goeie spanwerk wat die dag laat realiseer het. Ons sien baie uit na vlotbou en joolweek in 2012.

"PRE-SPRING VOLLEY BALL!"

Nadat die Lente sy wonderlike verskyning gemaak het, het die Magrietjies belyd dat die tyd ryp is om die 'volleyball' net af te stof!

Goeie kompetisiegees asook die reuk van boereworsrolle was in die lug terwyl Magrietjie teen die ander dameskoshuise deelgeneem het. Dit was 'n unieke ervaring om 'n 'dames-alleen' - koshuiskuier te kon bywoon en die Magrietjies is trots om die gasvrouens te kon wees. Daar was natuurlik kranige manskoshuisondersteuners, wat beide die spelers en die worsbroodjiestalletjie ywerig ondersteun het!



Volley-ball op die gras met die dameskoshuise

"BLIKSKUD" BY HARTIES

Die Magrietjie dames het gaan blikgeskud vir 'n goeie doel! Dit is duidelik uit die foto's dat dit 'n opwindende dag was. Na die tyd het almal tyd deurgebring by die Dr. George Mukhari hospitaal in Garankuwa se pediatriese afdeling waar hul allerhande lekkernye aan die kinders uitgedeel het. Dit was waarlik 'n geseënde ervaring - en boonop hope pret!



ONS NUWE PRIMARIA

Goeiedag aan alle Pienkes!
My naam is Esbe' van Zyl en ek is die Primaria van Huis Magrietjie vir ons 30ste FeesJaar gedurende 2012! Ons droom, as die Huis Komitee van 2012, strek verder as om bloot kort termyn doelwitte te stel, ons droom is om uit te gaan en alle verwagtinge te oortref deur om risikos te waag op alle gebiede van studente lewe. Ons droom is om ALLE Magrietjies te herinner waarom ons ongetwyfeld as die mees gesogste dames koshuis op kampus, bekend staan. Ons het reeds begin om die weg te baan vir n buitengewoon besonderse jaar, al wat ons nog nodig het is vir die res van die Pienk span om aan boord te spring sodat ons werklik Pretoria kan Pienk verf. Ons hoop julle is gereed vir 2012, ek is so dankbaar vir die geleentheid om julle weereens daaraan te herinner sodat julle nie die FeesJaar oomblikke misloop nie.
Ons sien uit om julle daar te sien! Hou maar die facebook groep dop!

My Alles vir Altyd vir
Magrietjie!
Maak gereed vir die Pienkste
Jaar ooit!
Esbe van Zyl
0845841110



Totsiens...

Sjoe, ek kan nie glo my termyn is verby nie, dit was 'n wonderlike reis!! Ek wil vir elke dame dankie sê wat my jaar 'n onvergeetlike herinnering gemaak het. Aan my mede HK, dames julle is 'n mal, inspirerende en spontane groep vriendinne, ek sal nooit my lewe in die pienk paleis vergeet nie. Onthou: Herinneringe is die manier om vas te hou aan dit waarvoor jy lief is, dit wat jy is, en dit wat jy nooit wil verloor nie. Magrietjie dankie dat jy my herinnering is! Zarese van Dyk



Zarese van Dyk Primaria 2010/2011

Hierdie verlengde weergawe van GrietGriet is geskryf deur beide Tintswalo Mkansi, die vorige redaktrise, en Sunette Botha die nuwe redaktrise van GrietGriet (sien foto onder).



Bankbesonderhede

ABSA
Takkode: ZA632005
Rekeningnr: 2140450033
Ref nr: XOL816 (U van)

Wees asseblief so gaaf om vir ons 'n epos te stuur (magrietjie@up.ac.za) as u 'n betaling gemaak het sodat ons so gou moontlik kan reageer.

Dankie aan al die dames wat terugvoer gee en GrietGriet saam met ons geniet! Maak seker om aan te sluit by die Facebook groep "Magrietjie Feesjaar 2012".

FEESJAAR 2012

Dis alweer DAARDIE tyd van die jaar en ons tel die maande totdat Maer Grietjie haar 30ste verjaarsdag vier... Soos wat 'n mens deur die argief gaan sien 'n mens dat ons maar 9 jaar gelede ons 21ste verjaarsdag gevier het - en nou is ons bevoorreg dat ons pragtige pienk paleis weereens Feesjaar vier en dit belooft om 'n opwindende jaar te wees. Met hierdie spesiale geleentheid het ons 'n feesjaar HK waar 13 dames ('n ekstra een vir Feesjaar) verkies word om op die huiskomitee te dien. Die HK vir 2011/2012 was aangekondig op die 16de Augustus en is 'n groep gedetermineerde dames, opgewonde om Magrietjie na hoër hoogtes te neem.



Feesjaar HK 2011/2012

VAN DIE REDAKTRISE EN FEESJAAR HK

Aan al julle kosbare dames wat 'n geskiedenis deel met die plek waar jy waarskynlik die meeste gegroei het in jou lewe - Magrietjie, skryf ek hierdie brief. My naam is Sunette Botha en my droom vir jou is om 'n terugflits van herinneringe in 2012 te beleef en om weer kontak te maak met hulle wat jou herinneringe deel. Tesame met my span, is ek vol vertroue dat ons genoeg geleentheid daarvoor sal bied. Ons is besig om aan ons funksies te beplan en sal inligting deur epos en nuusbriewe deurgee van al die gebeurtenisse.

Dis nie elke dag dat 'n dame 30 jaar oud word nie en ons verwelkom enige donasies of borgskappe. Ons is tans besig met 'n fondsinsamelingsprojek waar ons raffle kaartjies verkoop. Onder is die inligting wat die kaartjie vereis en ons moedig almal aan om deel te neem aan die inisiatief. Die prys is biltong en droëwors ter waarde van meer as R2000, maar moet nie dink ons het van die dames vergeet nie. Die Magrietjie (of oud-Magrietjie) wat die meeste kaartjies verkoop wen 'n spa geskenkbewys vir twee vir haar harde werk! 'n Kaartjie kos R20 en vereis dat 'n eenvoudige vragie beantwoord word. Om 'n kaartjie te koop, epos die inligting na my by magrietjie@up.ac.za sodat ek namens u 'n kaartjie kan invul by die ontvangs van u R20 (of meer).

Betaal die geldjie in ons Feesjaar rekening in om 'n kans te staan vir die prys en stuur ook die bewys van inbetaling. Enige donasies kan ook in die rekening gemaak word. Al die Magrietjie dames sal die ondersteuning grootliks waardeur om ons Feesjaar so onvergeetlik as moonlik te maak! Ek versoek jul ook om vir my stories en fotos te stuur van julle tyd hier in Magrietjie vir 'n spesiale projek waaraan ons werk...

Kontak my vir enige onduidelikheid rondom die raffle kaartjies of ander navrae.

Sunette Botha

0726214872

Verwysing: RAFFLE KAARTJIE

Naam en van

Kontaknommer

Antwoord die vraag: Hoe oud is Magrietjie in 2012?

UIT ONS SKATKIS

Claudien Louw skryf: "Magrietjie het my grootgemaak vir die wêreld en soveel meer laat bereik as die BA (HOD) wat ek geswot het. Sal so lekker wees om weer in die gange te kan loop! Sien uit na die saamwees volgende jaar!! Mag elke Magrietjie se drome waarword! Mag elke Magrietjie die tyd daar GENIET, benut en wegstap as vol mens. Daar het ek geleer wat God my wou laat wees!"

Elzaan Cook (nee Smuts) skryf: "Ek is veral opgewonde oor die Feesjaar wat binnekort kom - as oud Feesjaar HK lê dit my baie na aan die hart. Laat weet asseblief as julle enige idees of hulp nodig het, so indien jul fondse benodig sal ek graag finansiële bydra wil maak en ek is seker dat ander oud-Magrietjies dalk ook sal wil help."

Red: Dankie Claudien en Elzaan. Julle boodskappe maak die ure wat dit neem om die nuusbrieff saam te stel die moeite werd.

Tot die volgende GrietGriet in 2012...